

Respek vir die Naam van die Here

Teks: Johannes 18: 1 - 10 En Sondag 36
Teksvers: Johannes 18: 5

1. Inleiding

Geliefdes vanoggend in die leediens staan ons stil by een van die gebooie wat by die daag meer en meer verbreek word. Want hierdie gebod word somer as slegte gewoonte by baie mense daaglik, byna uurlik verbreek. Die rede hiervoor is natuurlik die feit dat hierdie gebod op die eerste tafel van die wet staan. En dit is anders as die tweede tafel, wat handel oor die gebooie, teenoor jou naaste. Hierdie eerste vier gebooie gaan oor die Here en Sy eer en is daarom uniek aan die Christelike geloof.

Tog laat die werking van die Heilige Gees binne die gelowige iets van 'n bekende gevoel wanneer ons vandag se teksgedeelte lees. Sien vandag se teks gedeelte is eenaardig. Want ons sien in ons teksvers dat wanneer Jesus Christus homself identifiseer, kan die tempelwagte eenvoudig nie staande bly nie. Hulle val op die grond neer. Die rede hiervoor lê spesifiek in die woorde, wat die Here gebruik as identifikasie.

By ons as gelowiges is hierdie gevoel van 'n platgeslaantheid ook dikwels teenwoordig, wanneer die derde gebod oortree word. Wanneer iemand die Here se naam ydelike in ons teenwoordigheid gebruik word, voel ons ook soms asof jy eenvoudig deur 'n vuishou platgeslaan word. Wat is die rede dat die Heilige Gees hierdie gevoel binne die gelowige werk?

Om dit werklik te verstaan met ons by die ontsaglike heiligheid van die Here self begin. Iets wat die tempelwagte en baie mense rondom ons daaglik nie besef nie. Die hartseer saak is dat dit ook soms broers en susters in die geloof is wat op hierdie manier optree. Maar uiteindelik is dit ook binne onself waar daar nie altyd eerbied en aanbidding vir die naam van

die Here leef nie. Kom ons word stil in die Heilige teenwoordigheid van die Here.

2. Ek is

Maar dalk klink die woorde "Dit is Ek", nie op eerste oogopslag na die naam van die Here nie. Om dit reg te verstaan moet ons na die deurlopende tema genaamd "Ek is" kyk. "Ek is" of dan die Griekse "Ego Eimi" is juis 'n deurlopende tema in die Johannes evangelie. Daar word veral sewe duidelike "Ek is" uitsprake van Jesus geïdentifiseer in die Johannes evangelie. En in elkeen van hierdie uitsprake openbaar Jesus duidelik een van die Messiaanse eienskappe wat van toepassing is op Hom.

Tog weet ons dat die Messiaanse boodskap nie somer uit die nuut ontstaan het nie. Dit word regdeur die Ou Testament verkondig in profesieë en openbarings. En uiteindelik word dit in Christus vervul. Want dit is Hy in wie al die nasies van die aarde gered sal word. Ons weet hierdie stukkie geskiedenis in ons teksgedeelte, gaan die kruisiging vooraf. Daar waar Christus finaal die prys kom betaal het vir al ons sondes. Daarom kan ons vandag as verlore gelowiges lewe.

Maar ons weet ook dat geen mens die vermoë het om sondeloos te leef nie. Daarom weet ons dat die Messias ook heeltemal God moet wees. En dit is dan juis hier waar die "Ek is" uitspraak weereens so belangrike rol speel. Want ironies is die oortreding van die derde gebod juis die rede vir die arrestasie en uiteindelijke aanklag teen Christus. En al slaan die waarheid hierdie wagte letterlik tot teen die grond, bly hulle steeds blind daarvoor. Hulle staan eenvoudig op en hou aan om hulle opdrag uit te voer. Jesus as die groot vredemaker en bewerker van

versoening, kalmeer dan ook hierdie uiters plofbare situasie, waarin 'n wag ook sy oor verloor. Trouens ons weet uit die ander evangelies, dat Christus ook hierdie oor weer genees.

3. Ek is in die Ou Testament

Maar terug by die “Ek is” verband met die Ou Testament. Soos ons reeds gesê het, word Christus aangekla oor die verbreking van die derde gebod. Ons weet dat die verhoor voor die priesterhoofde en joodse raad Hom uiteindelik skuldig bevind omdat Hy sê Hy is die seun van God. Ons weet natuurlik deur die genadige werking van die Heilige Gees vandag, dat dit waar is. En dit is juis hierdie waarheid wat verlossing vir ons bring.

Maar tog is daar iets van hierdie waarheid wat geopenbaar word in ons teksvers. Op 'n besondere manier koppel Jesus Christus Homself ook aan die Vader met die “Ek is” uitspraak. Tog amper soos in die harwar van omstadighede daardie nag, gaan hierdie gedagte vandag ook maklik verby of verlore by ons.

Kom ons verduidelik, die oorspronklike “Ek is” uitspraak word eerstendeur God die Vader self gemaak. Ons lees in Eksodus 3:14 dat God in antwoord op Moses se navraag oor Sy naam antwoord: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.” Ons weet dat wanneer jy na die oorspronklike teks kyk is die verband tussen hierdie “Ek is wat ek is” en die Godsnaam wat ons as Jahwe ken baie duidelik.

Daarom is hierdie identifikasie van Christus met die woorde “Ek is” nie sommer net 'n gewone verduideliking nie. Dit is uiteindelik ook Christus se duidelike openbaring van Sy Godheid. En dan in die teenwoordigheid van God kan die wagte uiteindelik nie staande bly nie. Tog is dit alles maar gou vergete en ons weet dat Christus uiteindelik weggelê word om die offer vir ons sondes te gaan bring. Die Ou

Testamentiese verlange na die Messias word vervul.

4. Die derde gebod vandag

Uiteindelik kan ons na regte in hierdie leerdiens vra, maar hoe word die derde gebod dan nou vandag uitgeleef? Want ons is mos nie meer vandag teenwoordig by die arrestasie van die Here Jesus Christus nie. Ons staan nie vandag voor dieselfde keuses as die tempelwagte in die tuin nie, of doen ons?

Selfs vir ons optrede vandag openbaar die teksgedeelte die waarheid. Die fout wat die tempelwagte ondergaan het, was om die naam van die Here te ligtelik gebruik. Hulle het dalk dit nie pertinent gesê nie. Maar in hulle optrede is daar geen aanduiding dat hulle enige respek vir Christus het nie. Vir hulle is Hy nie die Here nie, Hy is maar bloot 'n misdadiger in hulle oë.

Dit is ook wat vir ons vandag ten diepste lê in die derde gebod. Dit handel oor die naam van die Here onnadenkend te gebruik. Ons sien dit wanneer mense dit eenvoudig as 'n stopwoord of krutaal gebruik. Maar ons sien dit ook wanneer mense volgens die uiterlike met Godsdienste besig is, maar hulle gedagtes is ver van die saak. Dit is die gebied waarop ons as gelowiges altyd moet waak. Want dit is iets wat intiem binne myself gebeur. Iets wat nie sigbaar is vir my broer en suster in die geloof nie.

'n Ander manier om die naam van die Here te misbruik is om eenvoudig in Sy naam heeltemal die verkeerde ding te doen. Soos hier waar ons tempelwagte aantref. Wagte wat in diens van die tempel, veronderstel om in diens van die Here te staan. Maar ons sien duidelik in ons teksgedeelte waarmee hierdie wagte besig is. Daarom moet ek ook altyd veral alles wat ek in die Naam van die Here sê en doen deeglik ondersoek. Sodat ek nie deur my woorde of daede die derde gebod oortree nie.

5. Slot

Ons kan hierdie leerdien vandag afsluit deur op te som wat die derde gebod beteken vir ons lewens vandag. Eerstens beteken dit ons mag die naam van die Here nie onadenkend as stop word, of krag woord gebruik nie. Hierin het ons vandag 'n groot taak. Want dit maak nie saak hoe populêr 'n TV reeks of film is nie. Indien die naam van die Here ydellik gebruik word, is die nie vermaak waaraan die gelowige kan deelnaam nie. Hier moet ons navorsing doen voor ons begin kyk, en ook ons stem as gemeenskap van gelowiges duidelik laat hoor by sensor liggame ens.

Die tweede manier is die onadenkende manier waarop die Here se Naam misbruik word. Hierdie is die moeiliker een, en lê dikwels ongemaklik naby aan die huis. Dit gebeur wanneer ek uiterlik met Godsdien besig is, maar my gedagtes is iewers anders. Dit is moeilik waar ons vandag leef. Ons is nie meer gewoond om na toesprake te luister nie. Tog geld hierdie nie net wanneer ek na 'n preek luister nie. Dit kom ook ter sprake wanneer my gebede maar net gewoontes word.

Laastens gaan dit ook oor wat ons doen in die Naam van die Here. Veral in moeilike tye, soos tans, dan word hierdie sonde maklik begaan. Ons hoor en sien gereeld die sogenaamde gebruik van geestelike oorlogvoering. Dit is die gebruik waar verskeie dinge, dikwels selfsugtige dinge, wat eenvoudig geëis word in die Naam van die Here. Ook hier moet ons altyd in nederigheid eerder vra na die wil van die Here. Die Naam van die Here is nie eenvoudig 'n towerwoord om te laat gebeur wat ons eintlik wil hê nie.

Amen